Verwysing: 20170804-3577
8/7/2/1/2/2
Navrae: Philip Nieuwoudt

Omsendbrief: 0038/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by nie-artikel 21 gewone openbare skole

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om die School Emergency Maintenance Management Information System, 'n nuwe toepassing op SOBIS, bekend te stel wat die vorige prosedure vir die rapportering van noodherstelwerk vervang.*

Onderwerp: Bekendstelling van die *School Emergency Maintenance Management Information System* (SEMMIS)

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), het die *School Emergency Maintenance Management Information System* (SEMMIS) wat 'n aanlyn stelsel op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) is, ontwikkel.

2. SEMMIS sal die WKOD-004-vorm wat tans gebruik word om gevalle van noodherstelwerk aan Hoofkantoor te rapporteer, vervang.

3. Skole word versoek om vanaf 01 Oktober 2017, die SEMMIS-toepassing op SOBIS te gebruik om noodherstelwerk vas te lê.

4. Instruksies sal op die SOBIS-platform voorsien word oor hoe skole te werk moet gaan om versoeke om noodherstelwerk vas te lê en af te teken.

5. Skole moet hulle norme-en-standaarde (N&S) -befondsing vir enige noodherstelwerk onder R10 000, gebruik. Dit is dus noodsaaklik dat skole hulle N&S-befondsing noukeurig bestuur om te verseker dat voldoende befondsing vir sodanige noodherstelwerk beskikbaar is.

6. Indien enige hulp tydens die vaslegging van inligting benodig word, kan die volgende persoon gekontak word:

   Nicholas Sutcliffe (tel. nr.: 021 467 2568) of e-posadres Nicholas.Sutcliffe@westerncape.gov.za

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle tersaaklike amptenare.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-09-28